2019

Liewe Gemeentelid

Ons groet u in die Naam van die Drie Enige God. Ons Vader, Jesus Christus sy Seun ons Verlosser, en die Heilige Gees ons Vertrooster en inspirasie, seën ons met Sy liefde en genade!

Weereens neem ons die vrymoedigheid om u te nader vir u Tiende Dankoffer. Hierdie tyd van die jaar is geoormerk vir die gee van die Tiende Dankoffer om ons Gemeente se roeping deur die Heilige Gees, getrou uit te leef.

Met Tiende Dankoffer bedoel ons 'n dankoffer waar elke lidmaat probeer om bo en behalwe sy/haar maandelikse bydrae, 'n tiende van sy/haar maandelikse inkomste sal afstaan aan ons Here se werksaamhede. Sal u asseblief biddend hieroor besin en vrywillig uit u hart gee soos die Here u lei.

Die Tiende Dankofferprojek is die enkele grootste dankofferprojek in ons gemeente. In 2018/19 was die inkomste met die projek R762,353.
Ons begroot om 2019/2020 R800,000 in te samel en pak hierdie poging in geloof aan.

Hierdie skrywe word ge-epos, gepos en is ook by die deure tydens eredienste beskikbaar.

U kan u bydrae saambring na die eredienste op Sondag 26 Mei 2019, wat dan ook ons Tiende dankoffer Sondag sal wees. Indien u dit verkies, kan u u naam op 'n koevert skryf, maar dit is nie nodig nie.

Ons wil u verseker dat die NG Montana se Gemeenteraad nie onverantwoordelik met die bestuur van die Here se fondse omgaan nie. Bid asseblief saam met ons dat daar fondse beskikbaar sal wees om God se saak te dien en dat elkeen sal bydra met vrymoedigheid en volgens elkeen se vermoë.

Ons groet U in die Naam van Jesus Christus en bid u sy seën toe.

HERMAN TALJAARD: VOORSITTER GEMEENTERAAD

NG Kerk Montana

DRAERS van HOOP met DEERNIS

NG Kerk Montana

Posbus 13514 Sinoville 0129 • Veronicaweg 300, Montana, Pretoria
Tel: 012 534 3377 • Fax: 086 777 5287 • E-pos: admin@ngmontana.co.za

Leraars:

Ds JWK Scholtz
jwks@mweb.co.za
Sel 082 641 5983
Veronicaweg 300
Montana, Pretoria

Ds B Powell
bennie@ngmontana.co.za
Sel: 082 305 4444
Veronicaweg 300
Montana, Pretoria

Ds S van der Berg
surina7891@gmail.com
Sel: 082 560 9305
Van der Schyff ln 56A
Annlin, Pretoria